

11 Mei

Hebreërs 6:13-20, (Teks:6:18b-20)

Lewensverankering

Elke mens is 'n seevaarder wat 'n ankerplek vir die skip van sy of haar lewe soek. Dis die beeld wat agter ons teksverse lê. Soos die eerste lesers van die Hebreërbrief leef u en ek vandag in 'n wêreld sonder ware vastighede, 'n stormsee waarin dit lyk of daar geen ankerplekke is nie. Baie mense aanvaar maar gelate dat hulle ronddobber op die waters; baie gooi hulle lewensankers uit in iets; van hierdie wêreld of van die mens self: leiers, geleerdheid, geld, gesondheid. Weet jy, te midde van jou lewensomstandighede vandag waar jou anker vir ewig vas is?

Ons teksverse sê: Daar is maar een, onwrikbare, ewig-vaste ankerplek vir 'n Christengelowige. Dit is "agter die voorhangsel" waar Jesus as Voorloper ter wille van ons ingegaan het. Die woord "Voorloper" dui, onder andere, ook op 'n loodsbootjie wat voor 'n groot skip die hawe ingaan om dié groot skip die hawe in te lei. Só het die verheerlikte Christus die hemel ingegaan. Hy het reeds na sy volmaakte gehoorsaamheid daar tuisgekom, aan die regterhand van die Vader. Hy is daar ter wille van ons. Die anker van ons lewe is daar vas. Ons hoop is onbreekbaar in Hom vas. Niemand of niks kan hierdie ankertou losruk nie. Hy, die Voorloper, is die Waarborg vir die hoop wat ons lewe aan Hom verbind. Ons is nog soos 'n bootjie buite die hawe in die woeste golwe van 'n stormsee. Maar deur die krag van die Heilige Gees het jy en ek ons ankers, die sekere verwagting van die heerlijkheid. Die ankertou van jou lewe word elke dag korter. Hoe korter die ankertou word, hoe meer mag jy vashou aan dié magtige lewensanker - hoop!

Sing: Psalm 107:14

Dr. P.P. Kruger (Meyerspark)